

**11 Oktober**

**Lukas 15:11-24**

***Wat jy sien, is nie wat jy kry nie!***

Ongelooflik dat die duiwel die mens maar altyd met dieselfde leuen vang. Hy beweer dat 'n lewe los van God veel beter is as in die Vaderhuis. Om hierdie leuen te verkoop, verbeter die Satan steeds sy advertensieveldtog. Die produkte wat hy bemark raak al aantrekliker en al meer eksplisiet. Daarom is hierdie gelykenis vandag nog so aktueel. Hier vind ons 'n jongman in 'n gelukkige ouerhuis met alles wat sy hart kan begeer: Rykdom, status en ouerliefde. Tog swig hy voor die aantrekkingskrag van die wêreld. Hy glo dat sy lewe ingeperk is; dat ware geluk in die ver land gevind kan word. Maar helaas, as hy homself oorgee aan losbandigheid hou die lekker nie baie lank nie en bly net hartseer en verwyd oor. In plaas van 'n vervulde lewe, eindig hy met 'n verwoeste lewe.

Hiermee toon Jesus aan ons die versteekte resultaat van die sonde. Die losbandigheid van die wêreld is inderdaad aantreklik, maar wat jy sien, is nie wat jy kry nie. In die speelpark van die duiwel word die lekkerste lekker tog op die ou end bitter sleg.

Wees daarom gewaarsku! Die duiwel se advertensies toon net die lekker, nie die prys wat jy moet betaal nie! Besef dat die ware, volle lewe slegs te vinde is in die Vaderhuis. Daar kan ons ook mooi klere aantrek, eet dat ons versadig is en selfs heerlijk feesvier! Maar dan sonder losbandigheid. Sonder dat ons verstrik raak in die sonde en letterlik ons lewe verloor.

Sing: Skrifberyming 33:1

Ds. D. Pansegrouw (Burgersdorp)